Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die INHOUDSOPGAWE om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) | |
| AFDELING B: | Drama | (35) | |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) | Beantwoord vrae oor albei kortverhale. |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) | Beantwoord vrae oor albei gedigte. |

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Beantwoord TWEE vrae: EEN VRAAG uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.
   LET WEL: Indien jy AFDELING C (Kortverhale) of AFDELING D (Gedigte) beantwoord, moet jy BEIDE vrae uit hierdie afdelings beantwoord.

6. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

9. Voorgestelde tydsindeling: Spandeer ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.



| **AFDELING A: ROMAN** | | | **PUNTE** | **BLADSY NR.** |
|---|---|---|---|---|
| VRAAG 1 | *Die Kruppel Engel* | Kontekstuele vraag | 35 | **4** |
| | | | | |
| | | | | |
| **AFDELING B: DRAMA** | | | | |
| VRAAG 2 | *Die laaste karretjiegraf* | Kontekstuele vraag | 35 | **7** |
| | | | | |
| | | | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | **Beantwoord albei vrae oor die kortverhale.** | | | |
| VRAAG: 3.1 | Gesondheid, Souf! | Kontekstuele vraag | 18 | **11** |
| | **EN** | | | |
| VRAAG: 3.2 | Die kind | Kontekstuele vraag | 17 | **13** |
| | | | | |
| | | | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | **Beantwoord albei vrae oor die gedigte.** | | | |
| VRAAG: 4.1 | Die tarentaal | Kontekstuele vraag | 17 | **15** |
| | **EN** | | | |
| VRAAG: 4.2 | Here Be Dragons | Kontekstuele vraag | 18 | **17** |



## KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.
**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

| **AFDELING** | | **VRAAGNOMMERS** | **VRAE BEANTWOORD** | **MERK (√)** |
|---|---|---|---|---|
| A | Roman | 1 | 1 | |
| | | **OF** | | |
| B | Drama | 2 | 1 | |
| | | **OF** | | |
| C | Kortverhale | 3 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | **OF** | | |
| D | Gedigte | 4 | 1 (2 gedigte) | |

## AFDELING A: ROMAN

***DIE KRUPPEL ENGEL* – Zenobia Kock**

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

"Dit was ’n ongeluk toe ek klein was," sê sy, maar brei nie uit nie. Die dokter was nie baie simpatiek met haar nie. "Jy’s gelukkig dis nie tussen die duim en die wysvinger nie," het hy gesê terwyl hy besig was om die steke in te sit. "As hy hierdie spier afgesny het, sou jy nie jou hand kon gebruik nie."
Op die ander hospitaalbed in die ongevalle-afdeling was hulle besig om Jakob se wond waar sy hom aan sy bo-arm gebyt het, te versorg.

***

Die bakleiery het oor ’n pop begin. Mevrou Coetzee het huis skoongemaak en vir haar die pop gegee. "Dit was my dogter s’n."

***

Sy was so groot soos ’n regte baba, met ’n regte babygrow. Tina het een van Maaghretjie se doeke gesteel om vir die pop aan te sit. Tóé was dit ’n gesukkel, want die babygrow wou nie weer toe nie.
Jakob het op haar afgekom waar sy skelm in die skuur die pop aangetrek het.
"Djy’t die kleintjie se luier gevat!"
"Issie!" het sy hopeloos teen die getuienis gestry.
"Gee hier!"
"Nee! Dis myne!"
"Ek gaan djou ma sê!"
"Hardloop voor die pad vol duwweltjies is!"

Bl. 56

1.1 "Dit was ’n ongeluk toe ek klein was," sê sy, (reël 1)

1.1.1 Wat was die ongeluk waarna hier verwys word? (1)

1.1.2 Waarom is dit waar dat die bytmerk aan Jakob se bo-arm meer ernstig was? Gee TWEE feite. (2)

1.2 Waarom was die pop vir Tina so waardevol? (1)

1.3 Tina en Jakob was ook by ’n meer tragiese insident betrokke.

1.3.1 Waarom het Tina verantwoordelik gevoel vir wat daardie dag met Jakob gebeur het? Gee DRIE feite. (3)

1.3.2 Waarom voel jy dat Ant Merlin eintlik direk blameer moes word vir hierdie insident? (1)

1.3.3 Watter waarheid oor Jakob se dood is eers aan die einde aan Tina vertel? (1)

1.4 Waarom sou jy sê het hierdie waarheid Tina aan die einde vry laat voel? Gee TWEE bewyse. (2)

1.5 Waarom het die skrywer hierdie waarheid tot aan die einde van die roman vir die leser uitgestel? (1)

1.6 Hoe het Jakob, die kruppel engel, ’n positiewe rol in Tina se lewe gespeel? Gee TWEE feite. (2)

1.7 Die bruinmense van Marta se Kris het nie juis ambisie in die lewe gehad nie.

Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.7.1–1.7.3) neer.

| |
|---|
| Pa At; sigarette; alkohol; Afrikaans; Engels; Stefaans |

(1.7.1) ... was baie ontsteld toe hy hoor dat Tina na die dorpskool wou gaan. Hulle swaarkry was verder vererger deurdat hulle hul swaarverdiende geld op (1.7.2) ... gemors het. Hulle kinders was ook verder benadeel deurdat hulle ook nie in hulle moedertaal, (1.7.3) ..., onderrig is nie. (3)

**EN**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Na die laaste periode stap Tina saam met juffrou Dale koshuis toe.
“Juffrou?”
“Mm?”
“Hoekom drink ... meneer Marais?”
“Stefaans?”
Tina knik.
“Jy weet hy het opgehou drink nè?” Heeltemal. Hy drink net koffie en koeldrank en sap.”
“Ek het nie geweet nie, Juffrou.”
“Ek dink jy het hom laat ophou drink.”
“Ek?!”

***

“Hy is ’n eerlike man, Tina. Hy het my vertel voordat hy begin kuier het. Hy’t gesê ander mense sal my vertel, so hy vertel my maar voor die tyd. En hy voel die verantwoordelikheid. Sy ma het altyd baie vir jou gebid, sê hy. Sy wou hê jy moet goed grootword, want sy het geglo ’n mens sal gestraf word as jy nie goed na kinders kyk nie.”

***

Die volgende Vrydag ry juffrou Dale weer saam plaas toe.

Bl. 75

1.8 Watter tema in hierdie roman pas by die bogenoemde uittreksel? (1)

1.9. "Hoekom drink ... meneer Marais?" (reël 4)

1.9.1 Waarom het Stefaans so gereeld gedrink? (1)

1.9.2 Wat is die funksie van die ellips in bogenoemde reël? (1)

1.9.3 Waarom het Stefaans opgehou drink? (1)

1.10 Simpatiseer jy met Stefaans dat hy alkohol gebruik het om sy probleme te hanteer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.11 Watter omstandigheid het gesorg dat Stefaans en Tina meer in mekaar se geselskap was? (1)

1.12 "En hy voel die verantwoordelikheid." (reël 13–14)

1.12.1 Na watter verantwoordelikheid word hier verwys?" (1)

1.12.2 Hoe het Stefaans tog sy verantwoordelikheid teenoor Tina in die verlede nagekom? Gee TWEE feite. (2)

1.12.3 Hoe het Stefaans verder aan almal gewys dat (behalwe vir die geld wat hy gegee het) hy Tina as sy dogter aanvaar het? (1)

1.12.4 Hoe het Stefaans met die troureëlings bewys dat hy selfs Tina se familie aanvaar het? (1)

1.13 1.13.1 Watter skoolprojek het bygedra dat Tina en juffrou Dale mekaar beter leer ken het? (1)

1.13.2 Waarmee het juffrou Dale vir Tina gehelp sodat sy kon voortgaan om fondse in te samel? (1)

1.14 Wat doen Stefaans om Tina met haar fondsinsameling te help? (1)

1.15 Kies die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (1.15.1–1.15.4) en die letter (A–E) neer, bv. 1.15.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.15.1 | Hierdie karakter het Pa At met 'n mes gejaag | A | Ant Merlin |
| 1.15.2 | Hierdie karakter was lui vir skoolwerk | B | Jakob |
| 1.15.3 | Hierdie karakter was verslaaf aan alkohol | C | Evaan |
| 1.15.4 | Hierdie karakter het Tina se gedagtes oorheers | D | Loisie |
| | | E | Lindiwe |

(4)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DIE DRAMA

## *DIE LAASTE KARRETJIEGRAF* – Riana Steyn en Athol Fugard

### VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS C

Dit was vaaldag toe seur Kerneels twee van sy handlangers stuur om te kom help. Saam het ons die graf gegrawe. ’n Ou gogo was ook by ... sy het vir Ouma met ’n bietjie lou water afgewas. Toe het sy Ouma se jas weer vir haar aangetrek ... die knope vasgemaak, en haar styf in haar paar komberse toegedraai. En toe sy daar in die grond lê ... met haar toe oë wat kyk daar waar die son smôrens opkom, het ek Ouma se pyp, haar pakkie bokstertwak en haar vuurhoutjieboksie met snuif op haar bors neergesit. Toe het seur Kerneels vir ons uit die Skrif uit gelees. So een stukkie onthou ek goed:

“Want daaruit is jy gemaak, stof is jy, en jy sal weer stof word.” Dis wie ons is. Van stof ... hierdie Groot-Karoo s’n. As jy mooi kyk, sal jy op ’n dag vir Ouma so sien dartel en dans ... en speel ... hier oor die vlaktes ... soos die dwarrelwind met ’n tolbos maak ...

*Pouse. Rokkies onderbreek die stilte.*

ROKKIES: Kan ons dan nie iets vir Ouma saamsing nie? Soos wanneer die bruin predikant op ’n Sondag vir grootkerk gekom het nie? Pienkies? Ek weet hoe dit gaan ... (*sy begin sing.)*

Bly by my Heer, terwyl die skadu daal ...

*Outjie val saam met haar in.*

Bl. 16 en 17

2.1 2.1.1 Wie praat vir die grootste gedeelte van hierdie uittreksel? (1)

2.1.2 Waarom is dit beter dat een van die karakters hierdie gedeelte vertel? (1)

2.2 Waar in Suid-Afrika speel hierdie drama af? (1)

2.3 Waarom word hierdie skaapskeerders ‘karretjiemense’ genoem? Gee TWEE feite. (2)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.4) en die antwoord neer.

Die gebeure in hierdie drama verloop (chronologies/nie chronologies nie). (1)

2.5 2.5.1 Waarom stem jy saam dat hierdie karretjiemense baie arm was? Gee DRIE bewyse. (3)

2.5.2 Waarom is dit waar dat die koue direk vir Ouma se dood verantwoordelik was? (1)

2.6 Ouma, en later Pienkies, het na die gesin omgesien.

2.6.1 Bewys hoe Ouma vir hierdie gesin gesorg het. (1)

2.6.2 Bewys hoe Pienkies later drasties moes optree sodat hulle kon eet en warm kry. Gee TWEE feite. (2)

2.6.3 Waarom dink jy het Koot nie die reg gehad om Pienkies oor bogenoemde optredes te konfronteer nie? (1)

2.7 Die karretjiemense was ’n unieke groepie mense.

Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.7.1–2.7.3) neer.

| geboer; geleerdheid; maniere; donkie; hond; draad gespan |
|---|

Die karretjiemense het skape geskeer en (2.7.1) ... vir ’n inkomste. Die kinders het nie (2.7.2) ... gehad nie omdat hulle altyd moes rondtrek. Daar was altyd ’n (2.7.3) ... wat langs die karretjie gedraf het. (3)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.8) en die antwoord neer.

Die skuinsgedrukte gedeelte in die uittreksel word die (hoofteks/neweteks) genoem. (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

*Rokkies sit haar stokpop voor haar op die grond neer en gebruik 'n afvallappie as kombers.*

ROKKIES: Sy's nie dood nie. Net moeg ... doodmoeg. Sy gaan nou so 'n bietjie skuinslê, so hou jou bek!

OUTJIE: Pa was dronk! Hy't haar vrek geslaan met hom kierie. (*Hy slinger rond en boots sy dronklap pa na.)* Jy, wie's jy? Jy vertel nie vir my nie! Die's my kinders! Die's my trekgoed! Jy sal doen wat ek vir jou sê!

*Rokkies pluk haar stokpop op en gee voor dat die pop praat.*

ROKKIES: Skaam jy nie vir jou nie! Kyk hoe dronk is jy!

OUTJIE: Ag, wat weet jy! Loop in jou maai, vrou!

ROKKIES: Ga! Jou vuilbek!

*Toek-Toek staan gereed vir touspring en boots sy boetie na.*

TOEK-TOEK: Jou vuilbek!

*Outjie draai na Toek-Toek.*

OUTJIE: Bly stil jy! (*Vestig sy aandag weer op Rokkies en haar stokpop.)* Gaan weg!

ROKKIES: Laat los my! Jy's lelikdronk!

OUTJIE (*hou sy kierie dreigend omhoog):* Hier's my doodslaatkierie!

Bl. 35

2.9 "Hiers my doodslaatkierie!" (reël 18)

2.9.1 Watter tragiese insident in hierdie gesin word hier deur Outjie nageaap? (1)

2.9.2 Wat was die hoofoorsaak dat Koot so 'n vreeslike daad gepleeg het? (1)

2.9.3 Waarom is dit reg dat Koot na hierdie vreeslike daad tronk toe gegaan het? (1)

2.9.4 Hoe bewys Toek-Toek dat ouers versigtig moet wees oor wat hulle voor hulle kinders doen? (1)

2.9.5 Watter les is daar hier vir pa's wat alkohol gebruik? Gee TWEE feite. (2)

Kopiereg voorbehou 

2.10 Waarom het Sarah nie Koot se verhouding met Anna goedgekeur nie? (1)

2.11 Waarom was daar nooit werklik ’n toekoms vir die karretjiemense soos die jare verbygegaan het nie? (1)

2.12 2.12.1 Waarvan is die plakkerskamp simbolies in die konteks van hierdie drama? (1)

2.12.2 Die laaste karretjiegraf stel die einde van ’n era in Suid-Afrika voor. Noem die era. (1)

2.13 Waarom het Sarah eintlik die Geduld-familie weer kom opsoek? (1)

2.14 Wat was die doel van Sarah se vorige besoeke aan die Geduld-familie? (1)

2.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.15) en die antwoord neer.

Tamatiestraat verwys na Koot se blyplek in die plakkerskamp, maar figuurlik dui dit ook op (om in die moeilikheid te wees/voorspoed). (1)

2.16 Kies die beskrywing in KOLOM A wat by die karakter in KOLOM B pas. Skryf net die vraagnommer (2.16.1–2.16.4) en die letter (A–E) neer, bv. 2.16.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.16.1 | Hierdie karakter het die kinders aangemoedig om skool toe te gaan | A | Sarah |
| 2.16.2 | Hierdie karakter tree grotendeels as verteller op, maar ook as een van die karakters in hierdie drama | B | Ouma |
| 2.16.3 | Hierdie karakter het ’n geestesprobleem gehad | C | Koot |
| 2.16.4 | Hierdie karakter het besef dat hulle lewenswyse na nêrens lei nie | D | Pienkies |
| | | E | Toek-Toek |

(4)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord BEIDE vrae oor die kortverhale.

### VRAAG 3.1: GESONDHEID, SOUF! – Riana Scheepers

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS E

"He he he ..." lag Mieta, "jy moet dit maar doen, Betjie, jy's die jongste! Jy kan nog lekker hoog opklim teen die visdam uit ... As ék dit moet doen, verrek ek my mosseltjie."

Pierre kom in die deur staan met sy sjef-baadjie wat vroegoggend nog spierwit en styfskoon is en maak die meisies se gelag stil. Hy kyk ons almal deur, of ons voorskote skoon is en die hare netjies onder die wit kappie weggesteek is.

***

Antie Anna se tafeltjie, sê ek altyd vir die meisies, maar niemand wil hoor wat ek sê nie, hulle ril net van hulle nekke tot onder in hul skene en kyk anderpad as hulle daar verby moet loop. Maar hulle sien haar ook, hulle wéét dis ou Anna se plek daar onder die venster. As sy nie op die stoel sit nie, soos noudat daar mense by haar tafel is, dan sit sy in die breë vensterbank en hou ons almal dop met haar skerp, swart oë. Tot vandag toe moet ons oplet wat ons in haar huis aanvang.

Maar ek steur my nie aan die ou vrou en haar kwaai kyke nie; ek en antie Anna het vrede gemaak, lankal al.

***

Almal is haastig vir hulle wyn en die voorgeregte, hulle wil dit mos altyd nóú hê. Elke keer as ek 'n draai in die kombuis maak, dan hoor ek hoe skel Pierre op een van die meisies wat om haar haksene loop.

Bl. 85 en 86

3.1.1 Hierdie verhaal speel op 'n Bolandse plaas af.
Gedurende watter seisoen speel hierdie gebeure af? (1)

3.1.2 Daar is dinge/gebeure wat tipies is van die eerste goeie besigheidsdag op hierdie wynplaas. Noem DRIE feite as motivering. (3)

3.1.3 " ... jy moet dit maar doen, Betjie," (reël 1)
Wat was dit wat Betjie moes doen? (1)

3.1.4 Haal DRIE opeenvolgende woorde uit die uittreksel aan wat bewys dat ouderdom 'n rol by die uitdeel van pligte op hierdie plaas gespeel het. (1)

3.1.5 Dink jy dis reg dat sekere take volgens ouderdom uitgedeel moet word? (1)

Kopiereg voorbehou 

3.1.6 "Antie Anna se tafeltjie sê ek altyd vir die meisies ..." (reël 7)

(a) Wat het Souf met hierdie woorde bedoel? (1)

(b) Waarom het die meisies Souf se voorstel doelbewus geïgnoreer? (1)

3.1.7 Souf en Anna het 'n goeie verhouding gehad.

(a) Hoe het Souf verseker dat die vrede tussen hulle bly? (1)

(b) Noem EEN manier hoe Souf hierdie verhouding tot haar voordeel gebruik het. (1)

(c) Hoe was dit moontlik dat die spoke geweet het waar al die breekgoed gepak moes word? (1)

3.1.8 Waarom sal jy hierdie verhaal as onrealisties beskou? Noem TWEE voorbeelde uit die verhaal. (2)

3.1.9 Souf en die kelnerinne het hul besoekers al baie goed geken.

Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (3.1.9(a)–3.1.9(c)) neer.

| |
|---|
| visdam; swembad; kabeljou; forel; geëet; gedrink |

Volgens Mieta sou een van hulle 'n kind daardie dag uit die (a) ... moes red, want hul ouers sou dan te veel (b) ... het. Souf het geweet dat die meeste mense daardie dag pâte en (c) ... sou bestel. (3)

3.1.10 Kyk na die titel: "Gesondheid, Souf!"

Wat is ironies omtrent Souf se woorde aan die einde van die kortverhaal wanneer sy sê: "Gesondheid, Anna!" (1)

**[18]**

**EN**

**VRAAG 3.2: DIE KIND – Wilna van Heerden**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Fancourt, 1894

Dit is ’n helder someroggend toe Pa van die kerk kom. Sommer so met die intrapslag dié Sondag kry sy hoed die kapstok en word die karwats en stofjas eenkant toe gegooi. Buite verdwyn die werfhond stert tussen die bene onder die heining in.
Oudergewoonte bestorm ons oudste vier Pa jillend in die hoop vir ’n suurklontjie uit sy manel se onderbaadjiesak, maar vandag steek ons vas en loer vir hom met groot oë van agter die traporreltjie.

Vandag moet ons in ons pasoppens wees. Laas toe ons Pa so gesien het, was toe die vrag witstinkhout in die slag gebly het. Vandag neuk jy nie met hom nie. Kinders moet gesien word ...

***

Met ’n stuk optelhout slaan ek teen die geroeste blik waarin ons altyd ons alies bêre. Dit word na elke damspelery sorgvuldig tussen die lang gras langs die watervoor versteek. Dong! Dong! Dong!

***

Die vinke hang laag oor die water en kwetter toe ons die kleilatte begin sny. Archie begin sy kruisbande afwoel, want hy weet hy kry siepsop-en-braaiboud as sy kishemp vanaand moddervlekke het. Sondae is die dam verbode. Dis ’n heilige dag, sê Ma. Dan mag ons nie verder as die stoep speel nie en Souf mag ook nie wasgoed inseep nie. Ons hang ons klere versigtig aan ’n bos op die damwal.

Bl. 150

3.2.1 (a) Hoe het die weer daardie oggend met Pa se emosies gekontrasteer soos in die uittreksel uitgebeeld? (1)

(b) Hoe reageer Hetta op Pa se bui? (1)

(c) Waarom het Ma daardie dag vir Pa vir haar hartseer blameer? (1)

(d) Sou jy dieselfde as Ma gevoel het? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

3.2.2 Waarom het Hetta so hard op die geroeste blik geslaan? (1)

3.2.3 Watter reëls het die kinders sedert daardie dag oortree sonder om gestraf te word? Gee DRIE feite. (3)

3.2.4 “Kinders moet gesien word ...” (reël 11). Stem jy saam met hierdie stelling? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

3.2.5 Wanneer het Ma eers vrede gekry dat Pa die regte besluit geneem het oor dominee se versoek? (1)

3.2.6 Hoekom het Hetta een aand sommer dadelik haar sondes begin bely? (1)

3.2.7 Waarom het Hetta haar Ma so bewonder toe sy die kind aan mevrou Renkowitz oorhandig? (1)

3.2.8 Waarom stem jy nie saam met mevrou Renkowitz se houding toe die kind aan haar oorhandig word nie? (1)

3.2.9 In hierdie kortverhaal het die karakters se optredes ’n effek op mekaar gehad.

Kies die naam uit KOLOM B wat by die optrede in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.2.9(a)–3.2.9(d)) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | Hierdie karakter se versoek het die lewens van die Gerickes vir ewig verander | A | Norman |
| (b) | Hierdie karakter moes verskeie kere Ma en Pa se rolle teenoor die kleintjies speel | B | Hetta |
| (c) | Hierdie karakter het onwetend ’n groot impak op die Gerickes en Renkowitze gehad | C | Hennie |
| (d) | Hierdie karakter het deurentyd liefde en besorgdheid aan Ma gewys | D | Die Here |
| | | E | Die dominee |

(4)

**[17]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

### VRAAG 4.1: DIE TARENTAAL – Totius

Beantwoord die vrae oor BEIDE die volgende gedigte.

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

**DIE TARENTAAL – Totius**

Die kruiwawiel se skreeugeluid
kerm hy droefgeestig uit
terwyl die skeemring vinnig daal,
die tarentaal.

Hy soek – en dit is ook al laat –
vir hom 'n kameraad,
om in 'n boom die eensaamheid
en nag te slyt.

Sáám sal hul in blinkblaarboom
half slaap, half waak, half droom,
en by die naadring van verderf,
alléén nie sterf.

Ek het gemik, en met die knal
het een dood neergeval;
die ander vlieg met wilde krag
wég in die nag!

4.1.1 Waarmee word die tarentaal se kermgeluid vergelyk? (1)

4.1.2 Waaroor kerm die tarentaal in hierdie gedig? (1)

4.1.3 Wat is die tarentaal se grootste vrees as hy nie ’n maatjie vind nie? Gee TWEE feite. (2)

4.1.4 “– en dit is ook al laat–” (reël 5)

(a) By watter woord in strofe 1 sluit hierdie woorde aan? (1)

(b) Waarom word hierdie woorde tussen aandagstrepe geskryf? (1)

4.1.5 Strofe 3 is in die toekomende tyd geskryf.
Waarop hoop die tarentaal indien hy ’n maatjie vind? Skryf jou antwoord in jou EIE woorde. (1)

4.1.6 Waarom word die woord “half” in reël 10 herhaal? Gee TWEE redes. (2)

4.1.7 Waarom dink jy dat die tarentaal tog ook te blameer is vir sy dilemma waarin hy homself aanvanklik bevind het? (1)

Kopiereg voorbehou

4.1.8 Hoe word die tarentaal se grootste vrees waar volgens strofe 4? (1)

4.1.9 Hoekom voel jy dat die tarentaal se desperate gesoek na ’n maat hom toe uiteindelik niks gebaat het nie? (1)

4.1.10 Beskryf die boodskap in hierdie gedig? (1)

4.1.11 Watter klanknabootsende woord in strofe 4 impliseer dat die jagter ’n skoot afgevuur het? (1)

4.1.12 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.1.12(a)–4.1.12(c)) neer.

| |
|---|
| assonansie; alliterasie; bedoel het om; per ongeluk; bang was; afgeval het |

Die digter gebruik (a) ... om die hartseer stemming in hierdie gedig te behou. Die woord “gemik” in reël 13 wys daarop dat die jagter (b) ... die tarentaal te skiet. Die ander tarentale het weggevlieg omdat hulle (c) ... (3)

**[17]**

**EN**

**VRAAG 4.2: HERE BE DRAGONS – Izak de Vries**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

**HERE BE DRAGONS – Izak de Vries**

pa se kodewoord
draf ek in ’n oogwink kaf
my muis surf dwingend
op nuwe ruimtes af

los my, pa, laat my gaan
inligting is my religie en GoogleEarth my kaart
dagga lê die strate vol
en onnies vroetel ook maar graag

ons wéét, pa
ons kenbaard is wyser as jy dink
laat ons gaan, laat ons reis
na kletsvriende in Pole, na hekse in Parys

waar anders, pa, sal ons geslag
ons vlae plant?
ons kleims afsteek?

los my, pa, laat my gaan

maar hou oop jou hart
eendag gaan daar ’n virus wees
’n wurm of ’n Trojaanse perd
wat meer gaan doen as komperkraak

dan, pa, dan sal my bréin met jou wil praat

sal jy daar wees, pa? as ek moet vlug
van ’n pedofiel of sluipdief in die nag
sal jou oor dan oop wees, pa?
’n USB vir my gemoed?

of gaan jy stug ’n vuurwal gooi
en my die kuberstorm self laat veg?

4.2.1 Watter reël in strofe 1 impliseer dat die spreker sy pa se kodewoord sonder baie moeite gekraak het? Haal die reël aan. (1)

4.2.2 “los my, pa, laat my gaan” (reël 5 en 16)

(a) Waarom voel die spreker dat sy pa hom moet laat gaan? (1)

(b) Waarom is hierdie woorde ironies met: “sal jy daar wees, pa?” (reël 22) (1)

4.2.3 (a) Watter woord in strofe 6 berei ons voor dat die kind nie meer so selfversekerd is nie? (1)

(b) Watter versoek rig hy hier aan sy pa? Stel dit in jou EIE woorde. (1)

4.2.4 Die spreker maak verskonings oor waarom sy pa hom moet toelaat om soms onwettige dinge te doen.
Noem TWEE verskonings uit hierdie gedig. (2)

4.2.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.2.5) en die antwoord neer.

Die spreker voel dis belangrik dat ouers hul kinders moet toelaat om (foute te maak/kompers te kraak) want dis deel van hulle grootwordproses. (1)

4.2.6 Noem TWEE woorde/begrippe in strofe 6 met negatiewe konnotasies in die komperwêreld. (2)

4.2.7 Hoe verseker die digter dat reël 16 beklemtoon word? (1)

4.2.8 In watter dilemma bevind ouers hulle volgens hierdie gedig? (1)

4.2.9 “sal jou oor dan oop wees, pa?” (reël 24)

Waarvoor moet sy pa se oor oop wees? (1)

4.2.10 Wat bedoel die kind as hy vra: “of gaan jy stug ’n vuurwal gooi?” (reël 26) (1)

4.2.11 Kies die emosie uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (4.2.11(a)–4.2.11(d)) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | “los my, pa, laat my gaan” (reël 5 en 16) | A | Selfvertroue |
| (b) | “waar anders, pa, sal ons geslag ons vlae plant?” (reël 13–14) | B | Frustrasie |
| (c) | “as ek moet vlug” (reël 22) | C | Liefde |
| (d) | “sal jou oor dan oop wees, pa?” (reël 24) | D | Teleurstelling |
| | | E | Vrees |

(4)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou